# Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 715 | Cape Town Kaapstad | 9 January 2025 | No. 51884


**THE PRESIDENCY**

**No. 5742 9 January 2025**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 47 of 2024: Global Minimum Tax Administration, Act 2024**

**DIE PRESIDENSIE**

**No. 5742 9 Januarie 2025**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 47 van 2024: Wet op Globale Minimum Belasting Administrasie, 2024**


ISSN 1682-5845

51884

9 771682 584003



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 7 January 2025)*

# ACT

**To provide for the administration of the Global Minimum Tax Act; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

## ARRANGEMENT OF SECTIONS

1. Definitions
2. Obligation to submit GloBE Information Return
3. Due date for submitting GloBE Information Return
4. Exception for returns provided under automatic exchange of information agreement
5. Due date for payment
6 Refunds
7. Interest
8. Penalties
9. Record-keeping and extension of period
10. Administration of Act
11. Regulations
12. Short title and commencement

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise, any meaning ascribed to a word or expression in the Global Minimum Tax Act or the Tax Administration Act, has the meaning so ascribed, and—

''**Designated Filing Entity"** means the Constituent Entity, other than the Ultimate Parent Entity, that has been appointed by the MNE Group to submit the GloBE Information Return on behalf of the MNE Group under section 4;

**"Designated Local Entity"** means the Domestic Constituent Entity of an MNE Group that has been appointed by the other Domestic Constituent Entities of the MNE Group to submit the GloBE Information Return;

**"GloBE Information Return"** means**—**

*(a)* in an international context, a return conforming to the requirements of Articles 8.1.4 to 8.1.6 of the GloBE Model Rules; and

*(b)* in a domestic context, a return under section 25 of the Tax Administration Act taking into account the GloBE Information Return as defined in the GloBE Model Rules;

**"Global Minimum Tax Act"** means the Global Minimum Tax Act, 2024;

**"GloBE Model Rules"** are the GloBE Model Rules as defined in the Global Minimum Tax Act and applied in accordance with that Act;

**"Reporting Fiscal Year"** means the Fiscal Year that is the subject of the GloBE Information Return due under section 2;

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 7 Januarie 2025)*

# WET

**Ten einde vir die administrasie van die Wet op Globale Minimum Belasting voorsiening te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**INDELING VAN ARTIKELS**

1. Omskrywings
2. Verpligting om GloBe-inligtingsopgawe in te dien
3. Sperdatum vir indien van GloBe-inligtingsopgawe
4. Uitsondering vir opgawes voorsien ingevolge ooreenkoms vir outomatiese uitruil van inligting
5. Sperdatum vir betaling
6. Terugbetalings
7. Rente
8. Boetes
9. Rekordhouding en verlenging van tydperk
10. Administrasie van Wet
11. Regulasies
12. Kort titel en inwerkingtreding

**Omskrywings**

**1.** In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang andersins blyk, het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis ingevolge die Wet op Globale Minimum Belasting of die Wet op Belastingadministrasie geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg, en—

**"Aangewese Indieningsentiteit"** beteken die Konstituerende Entiteit, anders as die Uiteindelike Moederentiteit wat deur die MNO-groep aangewys is om die GloBe-inligtingsopgawe namens die MNO-groep ingevolge artikel 4, in te dien;

**"Aangewese Plaaslike Entiteit"** beteken die Plaaslike Konstituerende Entiteit van 'n MNO-groep wat deur die ander Plaaslike Konstituerende Entiteite van die MNO-groep aangewys is om die GloBe-inligtingsopgawe, in te dien;

**"GloBe-inligtingsopgawe"** beteken**—**

*(a)* in 'n internasionale konteks, 'n opgawe wat voldoen aan die vereistes van Artikels 8.1.4 tot 8.1.6 van die GloBe-modelreëls; en

*(b)* in 'n plaaslike konteks, 'n opgawe ingevolge artikel 25 van die Wet op Belastingadministrasie met inagneming van die GloBe-inligtingsopgawe soos omskryf in die GloBe-modelreëls;

**"GloBe-modelreëls"** is die GloBe-modelreëls, soos omskryf in die Wet op Globale Minimum Belasting en ingevolge daardie Wet toegepas;

**"Kwalifiserende Bevoegde Gesag Ooreenkoms"** beteken 'n bilaterale of multilaterale ooreenkoms of reëling tussen Bevoegde Gesagte wat vir die outomatiese uitruil van GloBe-inligtingsopgawes, voorsiening maak;

**"Verslagdoeningsfiskale-jaar"** beteken die Fiskale Jaar wat die onderwerp is van die GloBe-inligtingsopgawe wat kragtens artikel 2, verskuldig is;

**"Tax Administration Act"** means the Tax Administration Act, 2011 (Act No. 28 of 2011); and

**"Qualifying Competent Authority Agreement"** means a bilateral or multilateral agreement or arrangement between Competent Authorities that provides for the automatic exchange of GloBE Information Returns.

**Obligation to submit GloBE Information Return**

**2.** (1) A Domestic Constituent Entity of an MNE Group, Domestic Joint Venture or Domestic Joint Venture Subsidiary of a Domestic Joint Venture Group must submit a GloBE Information Return to the Commissioner.

(2) A Designated Local Entity may submit the GloBE Information Return to the Commissioner on behalf of all Domestic Constituent Entities.

(3) Where subsection (2) applies—

*(a)* a Domestic Constituent Entity must provide to the Designated Local Entity all information necessary for the correct application of the Top-up Tax imposed under the Global Minimum Tax Act; and

*(b)* a Domestic Constituent Entity must—

(i) notify the Commissioner no later than six months prior to the filing due date of GloBE Information Return under section 3 of the identity of the Entity that is submitting the GloBE Information Return; and

(ii) if subsequent to a notice under subparagraph (i) a new Entity is designated as the Domestic Designated Entity, a new notification must be provided to the Commissioner upon or immediately after such new designation.

(4) All Domestic Constituent Entities must submit the GloBE Information Return if—

*(a)* no designation is made in accordance with subsection (2);

*(b)* the Designated Local Entity is no longer a member of the same MNE Group as the Domestic Constituent Entities and the MNE Group does not appoint an alternative Designated Local Entity; or

*(c)* the Designated Local Entity fails to submit the return.

**Due date for submitting GloBE Information Return**

**3.** The GloBE Information Return must be submitted by—

*(a)* the date that is 15 months after the end of the Fiscal Year; or

*(b)* the date that is 18 months after the end of the Fiscal Year, if it is the first Fiscal Year—

(i) commencing on or after 1 January 2024 but before 1 January 2025; or

(ii) in which the MNE Group, that includes the Constituent Entity, or the Domestic Joint Venture or Domestic Joint Venture Subsidiary of a Domestic Joint Venture Group, is liable to the Top-up Tax and the MNE Group or Domestic Joint Venture Group has not been required to submit a GloBE Information Return in another jurisdiction for a previous Fiscal Year, ignoring Fiscal Years that precede the Fiscal Year described in subparagraph (i).

**Exception for returns provided under automatic exchange of information agreement**

**4.** (1) A Domestic Constituent Entity need not submit the GloBE Information Return under section 2 if the return has been submitted by—

*(a)* the Ultimate Parent Entity located in a jurisdiction that has a Qualifying Competent Authority Agreement in effect with the Republic for the Reporting Fiscal Year; or

*(b)* a Designated Filing Entity located in a jurisdiction that has a Qualifying Competent Authority Agreement in effect with the Republic for the Reporting Fiscal Year.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**"Wet op Belastingadministrasie"** beteken die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011); en

**"Wet op Globale Minimum Belasting"** beteken die Wet op Globale Minimum Belasting, 2024.

**Verpligting om GloBe-inligtingsopgawe in te dien**

**2.** (1) 'n Plaaslike Konstituerende Entiteit van 'n MNO-groep, Plaaslike Gesamentlike Onderneming of Plaaslike Gesamentlike Ondernemingsfiliaal van 'n Plaaslike Gesamentlike Ondernemingsgroep moet 'n GloBe-inligtingsopgawe by die Kommissaris indien.

(2) 'n Aangewese Plaaslike Entiteit kan die GloBe-inligtingsopgawe namens al die Plaaslike Konstituerende Entiteite by the Kommissaris indien.

(3) Waar subartikel (2) van toepassing is, moet—

*(a)* 'n Plaaslike Konstituerende Entiteit die Aangewese Plaaslike Entiteit voorsien van alle inligting wat nodig is vir die korrekte toepassing van die Optopbelasting kragtens die Wet op Globale Minimum Belasting gehef; en

*(b)* 'n Plaaslike Konstituerende Entiteit moet—

(i) nie later nie as ses maande voor die sperdatum vir indiening van die GloBe-inligtingsopgawe kragtens artikel 3 die Kommissaris in kennis stel van die identiteit van die Entiteit wat die GloBe-inligtingsopgawe gaan indien; en

(ii) indien, na 'n kennisgewing ingevolge subparagraaf (i), 'n nuwe Entiteit aangewys word as die Plaaslike Aangewese Entiteit, 'n nuwe kennisgewing aan die Kommissaris verskaf word ten tyde van of onmiddellik na sodanige nuwe aanwysing.

(4) Alle Plaaslike Konstituerende Entiteite moet die GloBe-inligtingsopgawe indien, indien—

*(a)* geen aanwysing ingevolge subartikel (2) gemaak is nie;

*(b)* die Aangewese Plaaslike Entiteit nie langer 'n lid van dieselfde MNO-groep as die Plaaslike Konstituerende Entiteite is nie en die MNO-groep nie 'n alternatiewe Aangewese Plaaslike Entiteit aanstel nie; of

*(c)* die Aangewese Plaaslike Entiteit versuim om die opgawe in te dien.

**Sperdatum vir indiening van GloBe-inligtingsopgawe**

**3.** Die GloBe-inligtingsopgawe moet ingedien word teen—

*(a)* die datum wat 15 maande na die einde van die Fiskale Jaar is; of

*(b)* die datum wat 18 maande na die einde van die Fiskale Jaar is, indien dit die eerste Fiskale Jaar is—

(i) wat op of na 1 Januarie 2024, maar voor 1 Januarie 2025, in aanvang neem; of

(ii) waartydens die MNO-groep, wat insluit die Konstituerende Entiteit, of die Plaaslike Gesamentlike Onderneming of Plaaslike Gesamentlike Ondernemingsfiliaal van 'n Plaaslike Gesamentlike Ondernemingsgroep, aanspreeklik is vir die Optopbelasting en die MNO-groep of Plaaslike Gesamentlike Ondernemingsgroep nie vereis was om 'n GloBe-inligtingsopgawe in 'n ander jurisdiksie vir 'n vorige Fiskale jaar in te dien nie, sonder om Fiskale Jare in ag te neem wat die Fiskale Jaar in subparagraaf (i) beskryf, voorafgaan.

**Uitsondering vir opgawes voorsien ingevolge outomatiese uitruil van inligtingsooreenkoms**

**4.** (1) 'n Plaaslike Konstituerende Entiteit hoef nie die GloBe-inligtingsopgawe ingevolge artikel 2 in te dien nie, indien die opgawe ingedien is deur—

*(a)* die Uiteindelike Moederentiteit geleë in 'n jurisdiksie wat 'n Kwalifiserende Bevoegde Gesag Ooreenkoms met die Republiek vir die Verslagdoeningsfiskale-jaar, in plek het; of

*(b)* 'n Aangewese Indieningsentiteit geleë in 'n jurisdiksie wat 'n Kwalifiserende Bevoegde Gesag Ooreenkoms met die Republiek vir die Verslagdoeningsfiskale-jaar, in plek het.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(2) Where subsection (1) applies, the Domestic Constituent Entity must notify the Commissioner no later than six months prior to the due date of the GloBE Information Return under section 3 of the identity of the Entity that submits the GloBE Information Return and the jurisdiction in which it is located.

**Due date for payment**

**5.** (1) The Top-up Tax must be paid by the date under section 3*(a)* or *(b)*.

(2) The Designated Local Entity or Designated Filing Entity may pay the Top-up Tax on behalf of all Domestic Constituent Entities.

(3) If a Domestic Constituent Entity, Domestic Joint Venture or Domestic Joint Venture Subsidiary does not fully comply with subsection (1) or (2), the Commissioner may assess one or more Domestic Constituent Entity, Domestic Joint Venture or Domestic Joint Venture Subsidiary for the full or part of the amount of Top-up Tax due.

**Refunds**

**6.** The Commissioner must pay a refund if the Domestic Constituent Entity, Domestic Joint Venture or Domestic Joint Venture Subsidiary that paid Top-up Tax under the Global Minimum Tax Act is entitled to a refund in accordance with section 190 of the Tax Administration Act.

**Interest**

**7.** The provisions of Chapter 12 of the Tax Administration Act apply in respect of any tax debt or refund due under the Global Minimum Tax Act or this Act that is not paid in full by the effective date.

**Penalties**

**8.** (1) For any failure to comply with an obligation imposed under section 2, an administrative non-compliance penalty of up to R50,000 may be imposed by the Commissioner, which penalty is regarded as a fixed amount administrative penalty imposed under section 210 and section 211 of the Tax Administration Act for purposes of Chapter 15 of that Act.

(2) The amount of penalty determined under subsection (1) is doubled if the amount of Top-up Tax not paid as a result of the failure to comply exceeds R5 000 000, and is tripled if the amount exceeds R10 000 000.

**Record-keeping and extension of period**

**9.** (1) In addition to the records required under the Tax Administration Act, a Designated Local Entity, Domestic Constituent Entity, Domestic Joint Venture or Domestic Joint Venture subsidiary must keep the records to demonstrate compliance with the Global Minimum Tax Act and this Act.

(2) For purposes of section 29(3) of the Tax Administration Act, the period that records, books of account or documents must be retained for purposes of this Act is extended to seven years.

**Administration of Act**

**10.** (1) The Commissioner is responsible for the administration of this Act and the Global Minimum Tax Act, in accordance with the provisions of the Tax Administration Act.

(2) Administrative requirements and procedures for the purposes of the performance of any duty, power or obligation or the exercise of any right in terms of the Global Minimum Tax Act and this Act are, to the extent not regulated in these Acts, regulated by the Tax Administration Act.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(2) Waar subartikel (1) van toepassing is, moet die Plaaslike Konstituerende Entiteit die Kommissaris nie later nie as ses maande voor die sperdatum vir die GloBe-inligtingsopgawe ingevolge artikel 3, in kennis stel van die identiteit van die Entiteit wat die GloBe-inligtingsopgawe indien en die jurisdiksie waarin dit geleë is.

**Sperdatum vir betaling**

**5.** (1) Die Optopbelasting moet teen die datum ingevolge artikel 3*(a)* of *(b)*, betaal word.

(2) Die Aangewese Plaaslike Entiteit of Aangewese Indieningsentiteit kan die Optopbelasting namens al die Plaaslike Konstituerende Entiteite betaal.

(3) Indien 'n Plaaslike Konstituerende Entiteit, Plaaslike Gesamentlike Onderneming of Plaaslike Gesamentlike Ondernemingsfiliaal nie subartikel (1) of (2) ten volle nakom nie, kan die Kommissaris een of meer Plaaslike Konstituerende Entiteit, Plaaslike Gesamentlike Onderneming of Plaaslike Gesamentlike Ondernemingsfiliaal aanslaan vir die volle of gedeelte van die bedrag Optopbelasting verskuldig.

**Terugbetalings**

**6.** Die Kommissaris moet 'n terugbetaling maak indien die Plaaslike Konstituerende Entiteit, Plaaslike Gesamentlike Onderneming of Plaaslike Gesamentlike Ondernemingsfiliaal wat Optopbelasting kragtens die Wet op Globale Minimum Belasting betaal het, geregtig is op 'n terugbetaling ingevolge artikel 190 van die Wet op Belastingadministrasie.

**Rente**

**7.** Die bepalings van Hoofstuk 12 van die Wet op Belastingadministrasie is van toepassing ten opsigte van enige belastingskuld of terugbetaling verskuldig kragtens die Wet op Globale Minimum Belasting of hierdie Wet, wat nie ten volle teen die effektiewe datum betaal is nie.

**Boetes**

**8.** (1) Vir enige versuim om 'n verpligting opgelê kragtens artikel 2 na te kom, kan die Kommissaris 'n administratiewe nie-nakomingsboete van tot en met R50 000 oplê, welke boete geag word 'n vaste bedrag administratiewe boete opgelê kragtens artikel 210 en artikel 211 van die Wet op Belastingadministrasie, vir doeleindes van Hoofstuk 15 van daardie Wet, te wees.

(2) Die bedrag van die boete kragtens subartikel (1) bepaal, word verdubbel indien die bedrag Optopbelasting wat nie betaal is nie as gevolg van die versuim om na te kom, R5 000 000 oorskry, en word verdriedubbel indien die bedrag R10 000 000, oorskry.

**Rekordhouding en verlenging van tydperk**

**9.** (1) Bykomend tot die rekords ingevolge die Wet op Belastingadministrasie vereis, moet 'n Aangewese Plaaslike Entiteit, Plaaslike Konstituerende Entiteit, Plaaslike Gesamentlike Onderneming of Plaaslike Gesamentlike Ondernemingsfiliaal die rekords hou wat nakoming met die Wet op Globale Minimum Belasting en hierdie Wet, kan bewys.

(2) Vir doeleindes van artikel 29(3) van die Wet op Belastingadministrasie, word die tydperk waarvoor rekords, rekeningkundige rekeninge of dokumente vir doeleindes van hierdie Wet gehou moet word, na sewe jaar verleng.

**Administrasie van Wet**

**10.** (1) Die Kommissaris is verantwoordelik vir die administrasie van hierdie Wet en die Wet op Globale Minimum Belasting, ingevolge die bepalings van die Wet op Belastingadministrasie.

(2) Administratiewe vereistes en prosedures vir doeleindes van die uitvoer van enige plig, bevoegdheid of verpligting of die uitoefen van enige reg ingevolge die Wet op Globale Minimum Belasting en hierdie Wet word, tot die mate nie in hierdie Wette gereguleer nie, deur die Wet op Belastingadministrasie gereguleer.

**Regulations**

**11.** The Minister of Finance may make regulations with respect to any ancilliary or incidental administrative or procedural matter that it is necessary to prescribe for the proper implementation or administration of this Act.

**Short title and commencement**

**12.** This Act is called the Global Minimum Tax Administration Act, 2024, comes into operation on the date that the Global Minimum Tax Act comes into operation, and applies to Fiscal years beginning on or after that date.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**Regulasies**

**11.** Die Minister van Finansies kan regulasies uitvaardig aangaande enige toevallige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is om voorgeskryf te word vir die behoorlike inwerkingstelling of administrasie van hierdie Wet.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**12.** Hierdie Wet heet die Wet op Globale Minimum Belastingadministrasie, 2024, tree in werking op die datum waarop die Wet op Globale Minimum Belasting in werking tree, en is van toepassing op fiskale jare wat op of na daardie datum in aanvang neem.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065